*Maandag* 26 Januarie

Skrifgedeelte: Spreuke 12:10

Fokusgedeelte: Spreuke 12:10

Leef met barmhartigheid teenoor alles en almal

Spreuke leer ons dat daar 'n regte pad is om op te loop en 'n verkeerde een. Die skrywer hou daarvan om die waarheid by wyse van kontras te stel, omdat dit so 'n kragtige wyse is wat die waarheid diep in die hart laat vasslaan.

Twee sake word langs mekaar gestel: die waarheid en die leuen; heiligheid en sonde; die hemel en die hel. Dit is wat ons teks doen, die regverdige word teenoor die goddelose gestel. Die wyse pad in die praktyk van die lewe is om te onderskei wat volgens God se wil is, of nie, en daarvolgens te lewe. Wysheid begin by die eerste beginsel van die geestelike lewe, die kombinasie van heilige respek en gloeiende liefde vir God. Dit is 'n lewe gebou op gehoorsaamheid aan die Here teenoor een waar slinksheid en goddeloosheid oorheers. Die huis van jou lewe kan eers gebou word as die fondasie reg gelê is.

Hoofstuk 12 begin met die klem op leerbaarheid wat 'n goue draad verskaf waaraan 'n mens die verdere losstaande spreuke kan aanhak. Vers 10 beskryf die verskil tussen die regverdige en die goddelose aan die hand van hulle omgee vir hulle diere. Die regverdige ken die behoeftes van sy diere en voorsien daarin, omdat hulle van sy sorg afhanklik is. Die goddelose is wreed teenoor alles en almal wat afhanklik is, selfs al gee hy voor dat hy ontfermend optree. Die regverdige vind genade by die HERE, en Hy versorg ons elkeen dag na dag. Die mens met slinkse planne word deur Hom veroordeel, omdat hulle vir hulleself lewe. Regverdiges lewe met integriteit wat by die goddelose mens ontbreek.

Die regverdige kyk na die skepping met ander oë en is gehoorsaam aan die Goddelike opdrag om daagliks met barmhartigheid te lewe. Ons is deel van God se versorging sonder enige verdienste deur die geloof in Christus. Ons is van binne af nuutgemaak en ons word daagliks deur die Heilige Gees geroep om God se opdrag baie ernstig op te neem: om oor die skepping met die regte gesindheid te heers.

Dien die Here met blydskap en integriteit op alle terreine in jou daaglikse lewe vir die res van hierdie jaar!

*Sing: Psalm 33-1:7, 10*

*Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)*